Samevatting van die Universiteit Stellenbosch (US) se pas hersiene Assesseringsbeleid

By die US beskou ons assessering as ’n tweerigtinggesprek tussen die dosent en die student. Die woord ‘assessering’ kom van die Latyns *assidere*, wat beteken “om langs iemand te sit”. Die US se Assesseringsbeleid moedig hierdie gedagte aan deur assessering vir ’n module as ’n gesprek tussen die dosent en die student te beskou. Assessering is dus leergesentreerd, met minder klem op toetse en punte, en meer op geleenthede vir studente om hulle eie vordering te beoordeel en terugvoer te ontvang.

Volgens ons Assesseringsbeleid word daar onder meer van dosente verwag om bereid te wees om aan te hou leer, hetsy by kollegas of uit ander bronne. Studente is op hulle beurt daarvoor verantwoordelik om die geleenthede wat die dosent skep so goed moontlik te benut. Ideaal beskou, sou dit goed wees indien hierdie tweerigtinggesprekke individueel kon plaasvind, maar in modules met hoë inskrywingsyfers, soos wat dikwels die geval is, is dít uiteraard beperk tot wat haalbaar is.

Assessering by die US kan aan meer as een doel beantwoord. Die US se Assesseringsbeleid bepaal dat assessering verskeie doeleindes vervul om doeltreffende onderrig en leer te help fasiliteer. Dit is belangrik om van hierdie verskillende doeleindes bewus te wees. Wanneer ons nadink oor hoe assessering leer kan bevorder, moet ons immers verstaan hoe die verskillende doeleindes van assessering die leerproses beïnvloed.

Die doeleindes van assessering is soos volg:

1) **Diagnosties**, d.w.s. om studente se bestaande kennis en vaardighede vóór onderrig te evalueer, byvoorbeeld deur ’n voorafassessering in ’n module (wat die meeste akademici ’n ‘basislynassessering’ noem). Diagnostiese assessering dui aan hoe ons moet klas gee om studente se sterk- of swakpunte in ag te neem, en bepaal watter optrede of benadering moontlik van die student en/of die dosent vereis word.

2) **Summatief** (oftewel *assessering van leer*), wat die grondslag uitmaak van besluite en bevindinge oor studente se vordering, byvoorbeeld vir die doel van bevordering of sertifisering, of om waarde-oordele oor studente se prestasie te vorm. Met summatiewe assessering wil ons graag uitvind of die student die werk goed genoeg bemeester het om tot die volgende vlak te vorder. In hierdie assesserings is daar baie op die spel vir studente omdat dit ’n groot deel van hulle punt uitmaak. Hier is dit noodsaaklik dat oordele met sekerheid gevorm kan word, en dat finale oordele geldig is. Die geldigheid van oordele word deur ’n aantal faktore of beginsels beïnvloed. (Verdere inligting oor dié beginsels verskyn later in hierdie samevatting.) Summatiewe assessering kan van groter waarde wees vir studenteleer indien dit met formatiewe en volhoubare assessering gekombineer word.

3) **Formatief** (oftewel *assessering vir leer*), wat tot die leerproses bydra deur studente ’n geleentheid te bied om met behulp van leergesentreerde terugvoer die vereiste kennis, vaardighede en ingesteldhede te ontwikkel. Die doel hier is nie om ’n oordeel te vorm nie, maar eerder om studente van terugvoer te voorsien oor hulle huidige kennis of prestasie vergeleke met die verwagte assesseringskriteria, wat duidelik aan die student gekommunikeer moet word. Die klem val op terugvoer en die voorsiening

van steun in die vorm van leergeleenthede en opvolgassesserings, waar studente die terugvoer kan gebruik om hulle leer te verryk. Kortom is die doel van formatiewe assessering dus om leer deur terugvoer te verbeter. In teenstelling met summatiewe assessering, is daar nie baie op die spel met formatiewe assessering nie – dit gaan eerder oor die leerproses.

4) **Volhoubaar** (oftewel *assessering as leer*), wat meer op die proses as op die produk van assessering konsentreer. Volhoubare assessering gaan daaroor om studente as lewenslange leerders toe te rus wat, nadat hulle gegradueer het, hulle eie prestasie in ’n werkplek sonder enige formele assesserings sal kan beoordeel. Lewenslange leer is deesdae noodsaaklik in ’n immer veranderende en al hoe komplekser wêreld waar kritiese denk- en oordenkingsvaardighede vereis word. Self- en portuurassessering kan ook volhoubare assessering bevorder omdat dit vereis dat studente op die assesseringskriteria konsentreer.

5) **Evaluering**, d.w.s. wanneer die uitslag van die assesseringsproses saam met ander inligting gebruik word om ons assesseringspraktyke te rig en die gehalte van ’n leer- en onderriggeleentheid, module of program te bepaal. As my studente swak presteer, beteken dit nie noodwendig dat my assessering swak opgestel is nie. As studente benede peil presteer, bied dit ons ’n geleentheid om terug te staan en te vra: “Wat het gebeur? Waar was die leemtes? Hoe kan ek die assessering verbeter of anders struktureer?”

Die US se Assesseringsbeleid bevat boonop ’n geïntegreerde raamwerk van nege beginsels wat as die standaard vir doeltreffende assessering dien. Dié beginsels is soos volg:

- Haalbaarheid, waar die eise van die assesseringstaak hanteerbaar is vir sowel die dosent as die student
- Leergesentreerde terugvoer om studenteleer te rig
- Geldigheid, waar ons met sekerheid kan sê wat studente kan doen en of hulle die uitkomste van die module bemeester het
- Egtheid, wat met assesserings of take in werklike omstandighede of omgewings verband hou
- Betroubaarheid, waar gepaste assesseringstrategieë en -metodes gebruik word om die leerproses doeltreffend te fasiliteer
- Assessering vir opvoedkundige impak, wanneer dosente so ver moontlik in ag neem hoe elke assessering tot die holistiese assessering van die module en program bydra, wat insluit hoe elke assessering met die uitkomste verband hou en tot die prestasiepunt bydra
- Akademiese integriteit, naamlik dat studente se assesserings hulle eie werk is
- Deursigtigheid, waar studente presies weet waaroor die assesseringsproses gaan en wat om te verwag
- Regverdigheid, waar elke student ’n regverdige geleentheid ontvang om hulle nuwe kennis en vaardighede te toon

Hierdie beginsels is van wisselende belang na gelang van die doeleinde van die assessering. In summatiewe assesserings konsentreer ons dalk meer op akademiese integriteit, en word die terugvoerbeginsel moontlik tot ’n punt gereduseer, terwyl formatiewe assesserings weer hoofsaaklik op terugvoer konsentreer (soos wat hierbo verduidelik is). Ons moet in gedagte

hou dat daar altyd wisselwerking – en dikwels ook spanning – tussen hierdie beginsels is na gelang van die doeleinde van die assessering en die leeruitkomste.

Die kern van die US se Assesseringsbeleid is ’n buigsame benadering, d.w.s. ’n benadering wat verskeie assesserings gedurende ’n module aanmoedig om tot ’n prestasiepunt by te dra. Hoewel toetstipe assesserings in toegewyde assesseringstydperke steeds algemeen gebruik word, glo die US dat ’n doeltreffende assesseringstrategie sorgvuldige oorweging van die verskillende doeleindes en beginsels van assessering vereis. Elke program of module moet dus op ’n doeltreffende assesseringstrategie en die geskikste metodes vir hulle bepaalde doeleindes besluit.

Laastens veronderstel die beleid dat akademici die beste daartoe in staat is om gepaste assesseringsbesluite in hulle modules te neem. Akademici weet die beste watter assesseringsbenadering by die uitkomste en pedagogiese benadering van hulle modules pas, en watter geleenthede hulle kan benut om hulle assesseringsvaardighede en -praktyke te verbeter.

Ter samevatting moedig die US se Assesseringsbeleid dus assesseringspraktyke aan wat belyn, geïntegreer, buigsaam en konteksgepas is.